

# ST. MARIA VAN EGIPTE

2 APRIL

(4de eeu)



Een van die merkwaardigste figure van die Vroeë Kerk. As jongmeisie het sy skaamteloos haar liggaam op die strate van Alexandrië verkoop en 17 jaar lank 'n bestaan as prostituut gevoer. Op 'n dag het dit alles net te veel vir haar geraak en sy gaan aan boord van 'n skip in die hawe met die bedoeling om weg te kom. Dit was 'n skip vol pelgrims op pad na die Heilige Land. Sy het saam met hulle al die heilige plekke besoek maar dit was asof 'n onsigbare hand gekeer het dat sy die Heilige Grafkerk binnegaan. Net daar op die drumpel het sy tot inkeer gekom, haar sondes bely en kon sy as bevryde kind van God die heiligdom ingaan. Daarna gaan woon sy 47 jaar lank in afsondering in die woestyn oorkant die Jordaanrivier. Dit is daar waar die ab Zosimus, haar omstreeks die jaar 430 teëgekom het. Dit is danksy hom dat ons hoegenaamd iets omtrent haar weet. Sy was nakend en het feitlik sonder kos in die wildernis oorleef, en het jare laas enige kontak met mense gehad, maar sy het ook gestraal van 'n hemelse vreugde. Sy het hom gevra om haar die volgende jaar vóór Paasfees die Heilige Kommunie te bring. Hy het dit dan ook gedoen en hulle het afgespreek dat hy die daaropvolgende jaar weer sou kom. Toe hy 'n jaar later terugkeer het hy haar lyk gevind.